

---

# Blitsgids: Podsendings

Weergawe 1.0 - Augustus 2017

---

Sophia Kapp



28/08/2017



VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

## 1 Waarom benodig ek 'n podsending-toepassing (Engels: *podcatcher*)?

'n Podsending-toepassing stel jou in staat om podsendinge van webwerwe af te laai wanneer jy gemaklike en vinnige wifi-toegang het, dit op jou selfoon te stoor en dan later daarna te luister wanneer jy lus en tyd het. As jy byvoorbeeld daagliks die verkeer moet aandurf werk toe en terug, kan jy na podsendinge van jou gunstelingprogramme luister wat jy andersins sou misloop.

VivA het 'n reeks podsendinge op die VivA-webwerf gelaai waarin ons spel- en taalreëls, sintaktiese beginsels, skryfkonvensies en ander interessante taalverwante onderwerpe aanraak en bespreek. Met jou podsending-toepassing kan jy na al dié wetenskaplike luister wanneer en waar dit ook al vir jou gerieflik is.

## 2 Watter toepassing moet ek aflaai?

Daar is 'n hele swetterjoel beskikbaar waaruit jy kan kies. Jy kan so 'n bietjie navorsing doen of op *Tom's Guide* resensies en besprekings gaan lees oor bestaande toepassings en daaruit vir jou een kies wat jou die beste pas. [Hier](#) is 'n artikel oor 2017 se bestes.

Wees bedag daarop dat nie al dié toepassings gratis is nie en dat sommige toepassings slegs op Apple en ander slegs op Android werk. Kies die een wat die beste in jou behoeftes voorsien.

## 3 Hoe luister ek na die podsendinge?

Nadat jy vir jou 'n rekening in die bepaalde toepassing geskep het, gaan die toepassing jou vra op watter reeks podsendinge jy wil inteken. Die toepassing sal vir jou gewilde reekse en inhoudskeppers aanbeveel en vir jou 'n soekvenster gee waarin jy na 'n bepaalde inhoudskepper of reeks podsendinge kan gaan soek.

Die naam van die bepaalde inhoudskepper sal verskyn, saam met 'n opsie om in te teken ("Subscribe"). Sodra jy op dié blokkie klik, het jy op die bepaalde reeks podsendinge ingeteken.

Die nuutste podsending in die reeks behoort dadelik af te laai indien jy in 'n wifi-kol is. Van hier af werk die toepassing soos enige ander speler: Daar is 'n speel-knopie en 'n terug- en vorentoe-knopie waarmee jy deur die podsending kan navigeer.

Die toepassing behoort jou die opsie (in "Settings") te gee om verstellings aan te bring aan hoe en waar jy podsendinge aflaai, hoeveel podsendinge in die reeks op jou foon gelaai moet word en hoe jy op nuwe episodes inteken. Jy behoort ook daar podsendinge te kan uitvee of te kan uitteken indien jy nie verder podsendinge van die bepaalde inhoudskepper wil ontvang nie.

Jy sal VivA se podsendinge kry by <https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog>.